
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

EN NIKS SAL VIR JULLE ONMOONTLIK WEES NIE

Jesus het in Joh. 14:12 vir Sy dissipels gesê: **Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.** Dit is die Here se wil dat Sy kinders in Sy oorwinnende krag moet lewe.

Wat wel nie tot eer van die Here is nie en ons Christelike getuienis na buite heeltemal oneffektief maak, is wanneer 'n gelowige byna permanent op moedverloor se vlakte is in plaas daarvan dat sy woorde en lewenshouding **'n geur is van die lewe tot die lewe is dit eerder 'n reuk van die dood tot die dood!** (Sien 2 Kor. 2:14-17). Laat ons dus 'n bietjie saam gesels oor die situasie hoe 'n gelowige dit behoort te hanteer en dan suksesvol daaruit te kom.

Matt. 17:14-20: En toe hulle by die skare kom, gaan daar 'n man na Hom en val voor Hom op die knieë en sê: Here, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar; want dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water. En ek het hom na u dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie. Toe antwoord Jesus en sê: O ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom hier vir My.

Daarop bestraf Jesus hom; en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af.

Toe kom die dissipels na Jesus afsonderlik en sê: **Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! En hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.**

Ons tref hier 'n man aan in groot nood. Sy seun is duiwelbesete en siek. Hy kry onbeheerde aanvalle. Hy het sy seun na Jesus se dissipels gebring vir handoplegging en genesing, want hy weet van hulle gehoorsaamheid en dat hulle baie nou wandel met hulle Meester Jesus. Hierdie dissipels het vir die seun gebid en bedien soos Jesus hulle geleer het. MAAR NIKS HET GEBEUR NIE, en hulle was sekerlik moedeloos.

Maar toe kom Jesus op die toneel en ALLES VERANDER! En dis altyd só wanneer ons Hom in ons omstandighede betrek, daarom verwonder ek my altyd dat gelowiges **eers oral anders rondskarrel en hulp probeer kry in hulle laagtepunt vir hulle probleme in plaas van JESUS TE BETREK heel van die begin a**f. Veral as dit kom by genesing: alle moontlike mediese en menslike hulp word eers ingeroep (en glo my, ek het NIKS teen dit opsigself nie!) Dan, as die genesing vir die siekte nie deur mense bewerkstellig kan word, kom hulle en probeer die Here! waarom was die oë nie in die eerste plek opgeslaan na die hemele toe nie? (Ps. 121:1)

Jesus het op die toneel verskyn en die maansieke-seun se vader het voor Hom op die knieë geval en gesê: **Here, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar ... en ek het hom na U dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie (vers 15 en 16). Vers 18: Daarop bestraf Jesus hom (die demoon in die seun) en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af. Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde:** VANDAG NOG VERANDER HY SAKE as Hy in 'n situasie ingebring word en depressie, spanning, moedeloosheid en terneergedruktheid verdwyn (Hebr. 13:8).

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 13:8).

Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. (Hebr. 13:5) Dikwels soek ons net die genesings en daarna loop ons ons eie pad en dien nie die Here nie.

Miskien is jy vandag op 'n laagtepunt, sommer heel onder in die dieptes. Jy is siek in jou liggaam en genesing ontwyk jou al die tyd. Of miskien is jou huweliksmaat net onmoontlik en jy bid al soveel jare vir sy/haar bekering en jy voel net jy kan nie meer langer in hierdie omstandighede aangaan nie. Of jou seun is 'n uiterste rebel en jy kan net nie 'n deurbraak kry met hom nie, tog het jy hom so toegewyd grootgemaak in die weë van die Here. Of julle is besig om finansieel onder te gaan en enige dag gaan die skuldeisers julle toesak.

Ek bring dan vandag met groot oortuiging en vrymoedigheid aan jou DIE OU – OU TYDING nl. Dat jy die Here se onveranderlike Woord nodig

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - En niks sal vir julle ….)
het in jou donker diepte, want Jesus het Self gesê: **Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe …… (Joh. 14:6)**

Nou sal jy dalk vir my sê dat jy al so hard probeer het, Jesus IS die Middelpunt van jou lewe en Sy Woord is lewendig binne-in jou. Halleluja vir so 'n belydenis! Kom ons doen dan so 'n bietjie verder huiswerk en vra Hom vir insig en wysheid.

Hoe lyk jou persoonlike lewe?

Vir my persoonlik val God se Woord se soeklig lig altyd eerste op Mark. 11:25: **En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.**

Onvergifnis verhinder beslis ons gebede, en dit word deur Petrus beklemtoon in die huwelik.

Lees gerus 1 Petrus 3:7 en let op dat as 'n man nie sy vrou die nodige eerbied en agting betoon nie, sy gebede verhinder sal word. Maar net so vir die vrou teenoor die man: daardie hoofstuk beklemtoon 'n heilige lewenswyse en gehoorsaamheid aan haar man vir die vrou. As sy nie so lewe nie, geld 1 Pet. 3:7 ook vir haar. As 'n man egter nie hierdie onderdanigheid van sy vrou ontvang nie, loop hy dikwels met ONVERGIFNIS in sy hart rond teenoor haar vir haar optrede teenoor hom, en die vrou wat nie met agting deur haar man behandel word nie, VERGEWE HOM NIE daarvoor nie. Dis 'n bose kringloop en ONVERGIFNIS is die euwel en mense se gebede word verhinder! In Matt. 6 verse 14 en 15 lees ons: **Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.** Deur om ander nie te vergewe nie, handig ons onsself oor aan die pynigers. Lees Matt. 18:15 tot 35.

Let op Ef. 4:32: **Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.** So, as ons gebede nie verhoor word nie, is die beste beginpunt om 'n antwoord hiervoor te vind, ons persoonlike lewens. Dawid het dit sekerlik geweet, want hy roep uit in Ps. 139:23 en 24.

Deurgrond my, o God, en ken my hart toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!

Paulus skryf in **Ef. 4:27**: **en gee aan die duiwel geen plek nie.** Volgens die Bybel trek die Here 'n laer om jou as 'n gelowige in Hom. God trek voor jou uit en Sy Ewige Arms is onder jou. Net goedheid en guns sal jou volg al die dae van jou lewe – EN DIS ALLES WAAR! Maar die vrug van die vlees in jou lewe kan Satan 'n plek gee in jou lewe om af te breek. Beywer jou vir die vrug van die Gees in jou lewe. Ek haal Gal. 5:16-26 aan: laat hierdie Woordsoeklig jou diep binnedring!

Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;

want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie. Maar die wat aan Christus behoort, het vlees met hartstogte en begeerlikhede gekruisig. As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie. …. Laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie. Ef. 4:26.

God moedig ons aan in 1 Kor. 11:31 om onsself te beoordeel; daarom is SELFONDERSOEK en REGSTELLENDE AKSIE voortdurend belangrik in 'n Christen se lewe, veral as jou gebede nie verhoor word nie en moedeloosheid dreig om jou in 'n wurggreep te kry. Pas op vir die gees selfbejammering wat so dikwels sy kop uitsteek. Kry ons boek "'n Vrou Na aan God se Hart".

Is die Woord van God werklik nog sentraal in jou lewe?

Daar is 'n teks in Rom. 10:17 wat 'n Christen maklik verby kyk. Dit sê: **Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.**

Waarmee kan ons ons geloof die sterkste opbou? DEUR DIE WOORD VAN DIE HERE!! Ander mense se getuienisse en geskrifte kan baie inspirerend wees, maar dis wanneer die Bybeltekste vir jou LEWEND word en die Heilige Gees hulle in jou gees inbrand en verseël, dat geloof diep binne in jou onwankelbaar word en groei en groei!

God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? Num. 23:19

Maak dus seker dat jy dikwels met Sy Woord omgaan om **Sy opdragte en gebooie vir jou lewenswyse as Sy Kind te ken en uit te voer**, maar veral ook om Sy Wil en Beloftes vir JOU, wat Hy ook liefhet met 'n Ewige Liefde (Jer. 31:3) vas te gryp en jou geloof daarmee sterk te hou. Dis altyd so jammer as 'n gelowige ons hier by die Sentrum besoek het en ons vir hom gebid het en aangemoedig het met die Here se Ewige Beloftes, dat hy teruggaan na familie en vriende en medekerkgangers, wat dikwels nie eers een van Sy beloftes kan kwoteer nie, en net onkundig vroom oor elke sataniese aanval wil uitroep: "Dit is seker die Here se Wil!" Ons wil jou dus aanmoedig Geliefde, om saam met gelowiges te verkeer wat GELOOF IN EN KENNIS VAN DIE HERE SE WOORD het, sodat jou geloof daardeur bemoedig kan word, want God se Woord bevat of is Sy wil. Onthou Rom. 10:17: **Geloof kom deur middel van die Woord!**

Hoe klink jou eie woorde?

Ja, ek weet maar alte goed dat die Kerk 'n geweldige oordosis gehad het van die "positive confessions" en "name it, frame it and claim it". Jy weet dat ons dit al dikwels in ons nuusbriewe as demonies en selfs okkulties ontbloot het. Maar, daar is tog 'n baie geldige beginsel volgens die Bybel wat ons nie moet miskyk nie, en dit is wel die mag en invloed van die mens se tong. Jak. 3 deel uitmuntend hieroor en die wyse Salomo het geskryf: **Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet (Spr. 18:21).**

Markus het ook Jesus se eie Woorde aangehaal:

Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê (Mark. 11:23) Ek glo

(Vervolg op Bl. 6)

BE ANXIOUS FOR NOTHING – (PHIL. 4: 6 – 7)

Jesus, speaking to His disciples about the last days, said these words in Luke 21:25-26: **And there shall be signs in the sun, and in the moon, and in the stars; and upon the earth distress of nations, with perplexity; the sea and the waves roaring; Men's hearts failing them for fear, and for looking after those things which are coming on the earth: for the powers of heaven shall be shaken.**

We have all witnessed the sea and the waves roaring as a result of tsunamis and earthquakes in recent times, and certainly astronomers are predicting that much unusual activity will take place in the universe in the near future. Then there is without doubt great distress and perplexity among nations, in spite of the world's great leaders getting their heads together intent on solving numerous "global problems", and they intensify by the day and all their wisdom is useless! Jesus said that because of the circumstances that would prevail in the world around us at this time, **men's hearts would become filled with fear**, and we see that this is in fact taking place with growing intensity. The "spirit of fear" is encroaching on many more lives than ever before and we must be alert to the devil's strategy and the weapon he is using to cripple, even the Lord's people, by attacking their faith with his instrument of fear and apprehension.

We need to guard our hearts and minds continually and resist becoming fearful at all costs, by turning to the Word of the Lord with greater determination and conviction! The Word of the Lord is the greatest missile for combating fear and He has given us this privileged information 2000 years ago so that we are not caught off guard when these prophesied realities take place!

It is an established fact that many physical ailments, such as heart-attacks and stomach ulcers are aggravated and even caused by fear and worry, and we are warned in **Proverbs 17:22: A merry heart doeth good like a medicine: but a broken spirit drieth the bones.** The Word of the Lord tells us that a "happy heart" promotes healing whereas a "crushed spirit" dries out the bones. **A merry heart maketh a cheerful countenance: but by sorrow of the heart the spirit is broken. (Prov. 15:13)**

We read in 2Timothy 1:7 that fear is a "spirit" - and when you allow it to take hold of you, it gradually changes your whole thought pattern. Its influence causes you to eventually see, hear and speak only that which the fear dictates, and it will consume you. Hatred and rejection operate in the same way. The person who gives place to a demon or spirit of rejection reaches a point where he actually believes that nobody cares for him. He really believes that all circumstances conspire to break him down and that he is unloved, unappreciated, useless and a failure. The aim and object of all demon sprits, regardless of their personality, is ultimate destruction of the person they target, and with the spirit of rejection, the final result is deep depression, often leading to suicide. This is why it is so important that in the case of fear we realise that we are dealing with a demonic spirit, which must be resisted with determination! And we do this with faith in God and His infallible, incorruptible Word!

Jesus warned His disciples on numerous occasions NOT TO FEAR! He knew that fear would render them helpless and ineffective without vision and motivation. That is exactly what fear does!

In John 14:27, Jesus said: **"Peace I leave you, My peace I give to you… Do not let your hearts be troubled and do not be afraid".** To Jairus, the ruler of the Synagogue, who received news that his daughter had just died, Jesus said in Mark 5:36: **Be not afraid, only believe.** By staying out of fear at Jesus' command, Jairus' daughter was brought back to life when He prayed for her! After Jesus had risen from the dead, He appeared to the two woman who came to His grave, and we read in **Matt. 28:10 Then said Jesus unto them, Be not afraid: go tell My brethren that they go into Galilee, and there shall they see Me.** And when the Apostle John beheld the risen Lord on Patmos, he says in **Rev 1:17, And when I saw Him, I fell at His feet as dead. And He laid His right hand upon me, saying unto me, Fear not; I am the first and the last:**

In Jesus, peace and joy are ours, regardless of the circumstances – what priceless possessions! So, when Satan, the thief (according to John 10:10), comes to steal these possessions and tries to replace them with depression and fear, we must be alert and stand our ground according to the Word of the Lord. We must give no place to that demonic influence or demon spirit! There is the very descriptive illustration of the stray dog that slinks in through the back gate to eat your dog's food. He will eat it all if you allow him to! The same is true of the devil, you need to resist and stop him in his tracks with God's promises in His Word. According to James 4:7 we are assured that when we do resist him in this manner, he **must** flee!

In 1 Peter 5:8 the Word tells us that the devil prowls around like a roaring lion looking for someone to devour. He can only devour those who will allow him to, and who will make room for him. Give no place to the devil Eph. 4:27 tells us.

Fear brings failure:

Judges 7:3: "Anyone who trembles with fear may turn around and leave the Mount of Gilead!" This is the story of how three hundred Israelites under the leadership of Gideon drove out the Midianites. At the start, there had been thirty-two thousand Israelites going into battle against the Midianites, but God gave Gideon the wisdom to know that fear brings defeat and that he would be better off with just a handful of fearless soldiers than with an army of thousands, most of whom were fearful! FEAR BRINGS FAILURE. Let us consider a few scriptures from the Bible that concern FEAR:

Isaiah 37:6-7: This is what the Lord says: Do not be afraid of what you have heard – those words with which the underlings of the king of Assyria have blasphemed Me. Listen! I am going to put a spirit on him …. I will have him cut down with a sword!

Jer. 1:8: Do not be afraid of them for I am with you and will rescue you, says the Lord.

Ex. 14:13: Do not be afraid! Stand firm and you will see the deliverance the Lord will bring to you.

Psalm 91:5: You will not fear the terror of the night, nor the arrow that flies by day.

Deut. 20:1-3: When you go to war against your enemies …… do not be afraid of them , because the Lord your God will be with you.

2 Chron. 20:15: This is what the Lord says to you: Do not be afraid or discouraged because of this vast army. For the battle is not yours but God's.

From these scriptures it is obvious that God told his people quite clearly that they had no reason whatsoever to fear

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Be anxious for nothing...)
because He was with them, and as the New Testament tells us in **Rom. 8:31: If God is for me, then who can be against me?**

Fear breeds fear

If you fear cancer because your father and grandfather had it, then Satan is able to use that very fear against you. Take heed of the words that Job spoke in **Job. 3:25: For the thing which I greatly feared is come upon me**. Fear failure, and it will come to you! Fear can even make you financially insecure, so that instead of giving joyfully, as the Lord requires of you, you may feel the need to hold onto everything you have, thus robbing yourself of the blessings He wants to give you through your obedience to His spiritual law of giving. Fear causes nervous conditions including panic attacks and hypochondria. It robs you of your precious sleep causing insomnia. It produces a knot in your stomach and a state of continual apprehension, a feeling of foreboding, always expecting the worst is going to happen! Dejection, depression and destruction all have their roots in fear. Get our book – The Christian an Job.

But hallelujah! There is victory, deliverance and liberation from the web of fear! ON THE CROSS OF CALVARY JESUS CHRIST PAID THE FULL PRICE SO THAT YOU AND I CAN BE FREE OF ANY OF SATAN'S BONDAGES – AND THAT INCLUDES FEAR!

Jesus paid the price at Calvary by laying down His life unto death, and through His sacrificial death on the cross, Satan was defeated once and for all! **(Col 2:14) Blotting out the handwriting of ordinances that was against us, which was contrary to us, and took it out of the way, nailing it to His cross; *And* having spoiled principalities and powers, He made a show of them openly, triumphing over them in it** (the cross.) Jesus, through His shed blood, overcame death, hell and the grave when He died on that cross, and that was the purpose for Him coming from Heaven to this Earth! His mission was that through His sacrificial death all men might be forgiven and saved from eternal death and damnation. This required Him to take on the form of a man, human flesh, and we read in **Hebrews 2:14-15: Forasmuch then as the children are partakers of flesh and blood, He also Himself likewise took part of the same; that through death He might destroy him that had the power of death, that is, the devil; And deliver them who through fear of death were all their lifetime subject to bondage.** Because Jesus overcame death, we no longer need to fear dying! And because the fear of death is man's ultimate fear, the devil does not have any power over us in this regard anymore! Hallelujah!

For God hath not given us the spirit of fear; but of power, and of love, and of a sound mind. (2Tim. 1:7)

FAITH REPLACES FEAR

The Bible tells us in Heb. 11:1 that faith is being sure of what we hope for and certain of what we do not see.

How does faith operate? **Rom. 10:17 tells us that faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God.** So, faith is developed by studying the Word of God and acting upon it. This Word produces not only faith, but also love, joy, health, provision and godly wisdom.

Faith follows upon the hearing and doing the Word of God – not just hearing. Fear follows upon the hearing and responding to the word of this world – Satan's lies. Faith grows when we think and meditate upon the Word of God. Fear comes when we think and dwell upon the lies of Satan and react to them. The very worst thing you can do is respond with fear.

In Matt. 14, we find an excellent example of faith vs. fear. The disciples were out in the boat and Jesus walked upon the water! Peter desired to go to the Lord and the Lord said to him, "Come". Peter climbed out of the boat and began to walk towards Jesus. Verse 30 of Matt 14 says it all! **But when he saw the wind, he was afraid and, beginning to sink, cried out Lord, save me!** Why did Peter sink? The Word tells us that he saw the wind and **became afraid**. Peter walked on the water in obedience to and by faith in the Word of his Lord Jesus, who said to him, "Come!" But when **FEAR** came, it overwhelmed him, took control and he faltered. Had he rebuked fear and continued to trust the Word of the Lord, fear would have disappeared, but he submitted to it and his faith wavered. He believed the circumstances instead of relying on the word of Jesus.

Faith is nurtured and grows through trusting the Word, so use the **"sword of the Spirit, which is the Word of God" (Eph. 6:7)** to resist Satan at every turn. Hold high your **"shield of faith, with which you can extinguish all the flaming arrows of the evil one" (Eph. 6:16).**

Consider a practical application. Your daughter/son and friends have gone to the beach. (Your husband is driving home late from work, your elderly mother lives alone, your son is keeping company with undesirable friends etc.). Satan attacks you with doubt by placing negative thoughts in your mind that produce fear as you give place to them. You fear that your daughter/son is going to drown (your husband is going to have an accident; your mother is going to be attacked; your son is pub crawling etc.)

DO NOT ALLOW YOUR MIND TO RECEIVE AND DWELL UPON SATAN'S LIES. Simply refuse point-blank to be fearful and say so! Declare boldly and loudly that God has said that He will never leave you or forsake you, or your loved ones. I ask you this, who is more able and better equipped than the Lord to protect your loved ones as you prayerfully commit each one of them into His hands for their protection? Have you put your full trust in Him? Do you believe His promises in His Word? Then you have nothing to fear. You confirm your trust in Him by praying a prayer of faith, (Mark 11:23),believing you have received the answer **when** you pray:

"Lord, thank you that you did not give me a spirit of fear, but of power and love and self-control, according to Your Word in 2 Tim 1:7. At this moment I want to say that I trust You wholly and completely for the protection of Ann *(or person's name)* ***and I give her****(or him)* ***into Your care and release her/him from the bonds of fear with which I bound her/him. In Jesus precious Name."***

As you release them completely, trusting the Lord to protect and care for them, refuse to entertain any further anxious thoughts about them. Resist the devil and his lies and he will flee! (James 4:7). You can be certain that the Lord is well able to undertake for them is well being.

You can choose to walk in faith and your actions and language will show it. Do you find yourself confessing "I am AFRAID I cannot do that.", "I am AFRAID not"; I am AFRAID that is true"; "I am DEAD scared"; I'm AFRAID you'll catch a cold!". Remember the truth that Jesus taught His disciples in Mark 11: 22-23 **And Jesus answering saith unto them, Have faith in God. For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he**

(Continued on page 8)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek is met SBE gediagnoseer jare terug. Ek kon nie operasies, infeksies of tandartse besoek of behandelings ondergaan om sonder hoë dosisse antibiotika nie. 'n Professor het my gediagnoseer. Met my eerste behandeling vir M.S (kortisoon) het hulle ook na die hart gekyk om te sien of die hartklep vervang moes word deur 'n hart operasie. Die hart spesialis by Panorama Medikliniek het na my gekom in die hospitaal en gesê dat dit was 'n verkeerde diagnose, ek het nooit SBE gehad nie! Na al die jare van behandelings met antibiotika ens. Ek weet dit was nie 'n fout nie, al die bloedtoetse, x-strale en behandelings het die diagnose bevestig. Dit was 'n wonderwerk. God het julle gebede verhoor. Ek dank Hom daarvoor. Nou kan ek getuig van SY wonderwerke!

Wilma Schoeman

Geloof in die Woord maandblaaie kon ek my verdiep in God se Wil vir my genesing. Telkemale, as ek op my knieë was voor God, het ek sy omhelsing en Teenwoordigheid en rus ervaar. Dit was ook 'n tyd waarin God my gehoorsaamheid gevra het. Ek was oortuig dat ek my moes laat doop en moes deur al die emosionele pyn gaan om my kerk te verlaat om my by aktiewe, lewende christene aan te sluit. Ons het Kimberley toe verhuis in 2003. Ek het getrou vir my jaarlikse ondersoeke gegaan, om telkemale te hoor: Mev jy is skoon. Ek het ook gekies wat ek kry, van God se genesing te vertel ek van die wonderwerk in ons lewens. As iemand vra of ek in remissie is, het ek geantwoord. "Nee, God het my totaal genees!" Die afgelope 6 jaar werk ek in 'n nierdialise eenheid, waar ek Jesus se alles omvattende liefde kan versprei. Wat 'n voorreg om stukkende siele te mag aanraak met SY hoop en beloftes.

Adele van Rooyen, Kimberley

Ek is vandag so vol lof en dankbaarheid vir onse Hemelse Vader. Ek het 'n faks na julle gestuur om vir my broer David Oosthuizen te bid. Hulle het vermoed hy het longkanker. Wel, hy hy is geopereer en dit was net 2 gewasse. Prys Jesus! Hy is wonderbaar! So baie dankie vir julle gebede. Liefde groete en seënwense.

Mev M Botha, Rietfontein

Baie dankie vir al die gebede deur die jare. Ek wil net vir julle baie dankie sê want deur gebede het Jesus vir Dawie aangeraak het. Hy is volkome genees van kanker in sy keel en maag al die eer aan Jesus ons Verlosser.

Mev S Bezuidenhout, Parys

Ek sal probeer kortliks wees. Wees gegroet u en u span in Jesus se Naam. Ek het verskriklik siek geword na griep, ek het asmatiese brongitis en 'n ligte hartversaking gehad. Ek het 8 dae in die hospitaal gelei en niks geëet nie, want die antibiotika drip het my naar gemaak. Die dokter het gesê hy weet dit het 'n neiging tot naarheid, maar ek moet dit vat, ek het nog drips gekry ook die nebuliza ens. Ek het die Sondagmiddag uitgekom en dit reen toe so erg en was die huisie so koud in die aftree oordjie. Ek het 51 kg geweeg, weeg toe 40kg die Maandagmore het ek dadelik die sentrum geskakel en gevra vir gebed. Dr sou toe Dinsdag môre vir my bid ek het saam met u gebid en Nagmaal geneem. Die Here het my stap vir stap deurgedra en die kinders het als gelos hier in Mpumalanga en my dadelik kom haal. Dr se gebed van krag en die wonde van Jesus het my hele liggaam genees van die hare van my hoof af tot onder my voetsole, al my spiere was verstap, my hele liggaam het vervel en my hare het uitgeval, maar ek het so 'n dankbare hart vir so 'n Godsman soos u. Dr James die Here het my so sterk gemaak, ek is nou so sterk! Ek dank u Dr James vir die krag van u gebed en Jesus se wonde wat my volmaak genees het. Ek het genade op genade uit God se Vader hande ontvang. Groete

Mev P Olivier, Mpumalanga (12 Mei 09)

Ek groet u in die oorwinnende Naam van Onse Here Jesus Christus wat die hel vir tyd ewig oorwin het sowel as die dood. Dit is vanmore vir my as kind van die Here 'n genade voorreg so reg uit die hand van die Here om weereens die paar woorde aan u te kan rig. Ek dank die Here vir die redding van my kosbare siel en vir die geestelike familie in Stanger wat deel van ons in De Aar geword het. Ook vir die geestelike leesstof wat ek elke maand van u af ontvang wat ons weer kan stig en bemoedig en opbou.

Mnr F J Louw, De Aar (4 April 09)

Ek wil getuig dat ek baie kere gevra het vir gebede vir my seun Henke veral soos die jong kinders vandag baie drink en stout goed doen, maar prys die Here hulle, Henke en Leonie het Januarie tot bekering gekom en is laas Sondag gedoop en dien nou voluit die Here. Ek gee die Here al die eer. Dankie vir gebed oor die jare. Henke was ook nou einde April by Angus se manne konferensie, en dit het hom baie meer en dieper nader aan die Here Jesus gebring het. Hy het ook 5 ander manne en sy 2 swaers saam gebring wat ook hul harte vir die Here gegee het. Prys die Here Jesus want Hy is goed. Mag God jul almal ryklik seën vir julle kosbare werk wat jul vir sy Koninkryk doen.

Mev J Pitout, Empangeni

Ek skryf hierdie brief om U en U span te vertel wat se wonderlike werke die Here al vir ons as 'n huisgesin gedoen het. Ek het so paar weke terug u geskakel om vir my ma 'n ernstige gebed te doen en prys die Here sy is volkome genees van alles wat haar gepla het. Sy het deur 'n baie moeilike tyd gegaan en net die krag van die Here het haar gehelp om volkome op die Here te vertrou vir alles. Sy is nou so vol nuwe hoop en krag dat ek nie kan dink dat sy ooit in die Here kon twyfel nie!!

Ek het U ook geskakel om 'n ernstige gebed te doen vir my broer wat op die stadium nie 'n werk gehad het nie. Prys die Here hy het intussen 'n wonderlike werk gekry en hy is al bevorder. Hy bedank elke dag die Here omdat dit so goed gaan met hom! Baie dankie vir al u gebede deur die jare en mag die Here u en u span ryklik seën. Baie groet en liefde.

Mev E Bezuidenhout, Pretoria

(vervolg vanaf Bl. 2 - En niks sal vir julle ...)
dat die **berg** jou probleem weerspieël.

Jy kan gerus weer ons boekie OORWINNAARSTAAL lees en opnuut let op jou woorde, want dis ook waar dat wat jou hart van vol is, loop jou mond van oor! As jou hart vol is van die Here se Woord en geloof in Sy beloftes, sal dit die taal van jou lippe wees en VOLGENS JOU GELOOF sal dinge in jou lewe manifesteer.

Is jou intellek dalk die struikelblok?

Dit klink sekerlik na 'n eienaardige vraag, maar dis 'n feit dat om te glo, as die omstandighede voor jou oë vir jou heeltemal die teenoorgestelde toon, moet jy eintlik TEEN JOU INTELLEK GLO! As 'n man aan 'n ongeneeslike kwaal ly en ek sien hoe siek hy is en ek weet dat volgens die wetenskap daar nie vir hom genesing is nie, mag ek nie dat my geloof in die Here se Alvermoë om te kan genees, deur my kopkennis beïnvloed word nie. My intellek moet nou tweede viool speel, want God se Woord is baie duidelik dat wanneer jy na Hom toe kom met jou gebedsversoeke en jy twyfel, is jy soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word en jy sal NIKS ontvang nie (Jak. 1:6-7)

Dan lees ons in 1 Kor. 1:20: **Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?**

1 Kor. 1:18 Want die Woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.

Dis aan die Kruis waar daar deur Jesus se Bloed vir ons verlossing van sonde en die ewige dood gekom het, en waar daar deur Jesus se Wonde vir ons liggaamlike genesing gekom het. Vir die wêreld en die intellek was die Kruis 'n plek van uiterste nederlaag en mislukking, maar vir die gelowige is dit die KRAG VAN DIE HERE waar vir ons, Sy Kinders, oorwinning behaal is!

1 Kor. 1:27: maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam, en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam.

Hebr. 11:1: Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

.... En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde (Rom. 14:23).

Al lyk die saak in jou lewe hoe hopeloos, al voel jy hoe terneergedruk, onthou dis jou emosies en intellek wat in die gedrang is: JY IS 'N GELOOFSMENS! God gaan vir jou gee VOLGENS JOU GELOOF!

Hoe dikwels prys jy God vir Sy goedheid en jou gebede wat Hy verhoor het?

Markus 11:24: Daarom sê Ek vir julle Alles wat julle: in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. (Engels: Therefore I say unto you, what things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them.)

Let op: Wanneer jy bid moet jy glo dat jy ontvang wat jy vra, nie wanneer jy ontvang nie! Met ander woorde, wanneer jy klaar gebid het, begin God reeds loof en dank vir dit wat Hy begin het om vir jou te doen, want hy het mos gehoor toe jy gevra het! As JY GLO dat Hy gehoor het toe jy gebid het, kan jy mos reeds begin dankie sê! Hierdie is 'n baie belangrike beginsel om te begryp, want dit verander 'n mens se hele benadering tot gebed. Psalm 100 vers 4 verduidelik baie mooi hoe ons in die teenwoordigheid van die Here moet kom. **Gaan Sy poorte in met lof, Sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys Sy Naam.** (lees ook ons boekies "Hoe moet ek Bid?" asook "Slaankrag in Lofprysing". God bewoon die lofsange van Sy volk (Ps. 22:4)

As jy dus altyd in Sy Teenwoordigheid wil wees, loof en prys Hom. Ek glo dat die teenoorgestelde ook waar is, nl. dat die Here vermy die murmurering van Sy volk! As jy dus voel dat Hy VER van jou af is, begin om Hom te loof en prys!

Ons het almal soveel om voor dankbaar te wees teenoor ons Hemelse Vader en tog vind ons dit baie makliker om al sugtend en klaend deur die lewe te gaan, beslis nie 'n gesindheid wat tot die eer van Sy Naam is nie! As jy dus op moedverloor se vlakte is, begin om die Here te loof en prys en ondervind self wat gebeur. Prys Hom IN die omstandighede en nie VIR die omstandighede nie.

Soos ek aan die begin gesê, het is moedeloosheid ons almal se voorland een of ander tyd. As ons egter Jesus opnuut in ons situasie betrek, en ons let opnuut op die vyf punte wat ek genoem het, glo ek dat jy nie lank daar in die diepte sal bly nie.

In Dan. 3 vers 16 – 18 lees ons van Sadrag, Mesag en Abednègo wie deur Nebukadnèsar in die brandende vuur oond gegooi was omdat hulle nie sy god wou aanbid nie. Maar nieteenstaande het hulle sterk bly staan in hulle geloof en geantwoord: **As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.** Ons lees in vers 25 en 26 van dieselfde hoofstuk hoe die Here Jesus saam met hulle in die vuuroond was en hoe Hy hulle bewaar en gered het.

Habakuk se gesindheid het my al baie kere geïnspireer, want hy het NIETEENSTAANDE sy ellende, die Here geloof en geprys. Probeer dit gerus en let op die wonderlike resultate!

Hab. 3:17-19: Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie-nogtans sal ek jubel in Die Here, ek sal juig in die God van my heil. Die Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes. □



uit **Dr James** se kantoor

Liewe familie in Jesus,

Groete in die Naam van Jesus. Ons is alreeds in die tweede maand van 2010 en die vakansie is iets van die verlede. Al die kinders is terug op skool en studente is nou besig met beplanning vir 'n wonderlike jaar van studie. Ons bid vir aanpassing in hulle nuwe omgewing en klasse en dat hulle uitstekend hierdie jaar sal vaar, soos die Here in elke kosbare jong mens se lewe sal onderneem en in elkeen se behoeftes sal voorsien.

Ek wil baie, baie dankie sê vir die vriendelike boodskappe van liefde en ondersteuning wat ons gedurende Desember en Januarie ontvang het, wat altyd vir ons 'n bron van aanmoediging en opbouing is, asook vir my pragtige verjaarsdag kaartjies en seënwense, mag die Here julle baie ryklik seën vir die mooi gedagte en gebaar. Ek is dankbaar aan die Here dat Hy vir my vir 80 jaar gespaar het en dat Hy my elke dag Sy krag gee om in SY werk te volhard. Hy is getrou, loof Sy wonderlike Naam!

Ons kom voor die Here elke oggend om sewe uur wanneer ons nagmaal neem en bid vir die talle gebedsversoeke wat ons ontvang. Dit is wonderlik om te weet dat so baie van julle in verskillende dorpies en stede en regoor die land, Namibië en oorsee ons laat weet het dat julle dieselfde tyd as ons in gebed is en saam intree vir die behoeftiges en ook nagmaal neem. Ek glo dat die hart van ons Here waarlik verheug is wanneer hy sien hoeveel geloof en dankbaarheid Sy kinders het, en so dikwels die dood van Jesus Christus in herinnering bring. Ons besef ten volle dat as Hy nie vir ons die prys op Golgota betaal het nie, ons verniet bid, maar instede daarvan kan ons daagliks vir Hom vra dat die voordele van Golgota ons deel kan wees.

Baie dankie vir die wonderlike getuienisse wat julle aan ons gestuur het. Alle eer aan die Here! 'n Getuienis stig almal se geloof en is tot opbouing aan diegene wie hulle oë op Jesus gerig hou vir 'n wonderwerk in hulle eie lewens. Dit beteken vir ons net so baie omdat die Here al die eer en verheerliking kry en omdat Jesus se Naam opgehef word.

Hierdie is nie 'n jaar om tevrede met ons huidige geestelike lewe te wees nie. Ons het nodig om meer geestelike oefening te doen net soos 'n atleet sy fisiese liggaam oefen om sterker te word en langer uithouvermoë te betoon, in hierdie laaste dae voor Jesus se koms.

Vertrou meer op Hom, glo Hom meer vir Sy beloftes, leer meer van Sy Woord en wees meer gehoorsaam aan Sy opdragte, vergewe meer, wees meer vir jou medemens lief en getuig meer oor Jesus en die Groot dinge wat ons Here vir ons elke dag doen! Wees nugter en wakker sodat die duiwel jou nie onverwags aan die slaap sal vind nie!

Weereens wil ek elkeen van julle persoonlik bedank vir julle gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Here om dit vir julle te doen!! Hy is die Gewer van alle goeie gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge.

Baie dankie vir julle deelname om die Evangelie van ons Here Jesus Christus in ons land, asook Namibië en oor die grense vanaf die Stanger Christelike Sentrum te versprei.

Baie liefde groete.

Dr James

NEW BOOKS AVAILABLE

Man's Wisdom is Foolishness with God – M72 @ R10.00
Divine Wisdom for Man - M73 @ R10.00
Israel or Ishmael - @ R8.00

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

(Continued from page 4 - Be anxious for nothing...)
saith shall come to pass; he shall have whatsoever he saith.

Watch the words of your mouth because they are an indication of what you are actually believing deep down inside! Speak forth faith filled words, believing that the Lord hastens to perform His Word according to His promise in Jeremiah and you will be excited to see how He will honour it in your life and in the lives of those around you. **……. for I will hasten my word to perform it. (Jer. 1:12)**

We have said that faith is the antidote for fear and that faith is built up through the Word of God (Rom. 10:17) and so it is to the Word that we must return with renewed zeal. SPEND TIME WITH HIS WORD SO THAT YOUR THINKING PATTERN IS RE-PROGRAMMED FROM FEAR TO FAITH, FROM DEATH TO LIFE. The Word tells us in **Rom. 12 verse 2: And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind, that you may prove what is that good and acceptable and perfect will of God.** Our minds need to transformed by the Word of God, His ways, His promises. If you are inclined to reason and think according to the ways of this world, then make a quality decision today to transform your thinking process bringing it into line with the truth of God's' Word, but if you do not study His Word, you arrive at a dead end.

Just consider some of the wonderful promises to you in His Word:

Isa 54:14 and 17: In righteousness shalt thou be established: thou shalt be far from oppression; for thou shalt not fear: and from terror; for it shall not come near thee. No weapon that is formed against thee shall prosper; and every tongue *that* shall rise against thee in judgment thou shalt condemn. This *is* the heritage of the servants of the LORD, and their righteousness *is* of Me, saith the LORD.

Psalm 118:6: The Lord is with me; I will not be afraid. "I WILL" is a very determined statement and Verse 7 of the same Psalm goes on to say: **The Lord is with me He is my helper. I will look in triumph on my enemies!** When you come to the understanding that the Lord is on your side you will not fear! Fear has no place whatsoever in your life! Fear is sin! Rom. 14:23 tells us: **…… for whatever is not of faith is sin.**

Psalm 16:8: I have set the LORD always before me: because *He is* at my right hand, I shall not be moved.

A wonderful promise to cling to in faith during a time of need, when the enemy is trying to bring fear upon you, is Isaiah 43:1-2, which encouragingly declares**: Fear not, for I have redeemed you, I have called you by name; you are Mine. When thou passest through the waters, I *will be* with thee; and through the rivers, they shall not overflow thee: when thou walkest through the fire, thou shalt not be burned; neither shall the flame kindle upon thee.**

The words "FEAR NOT" appear more than sixty times in the Bible and when the Lord gives a command, He also supplies the strength and ability necessary for us to be able to carry it out! Now the choice lies with you, you do not have to choose fear, but you can! You do not have to choose faith, but you can!

Take only the above four scriptures (Isaiah 54:14; Psalm. 118:6; Psalm 16:8; Isaiah 43:1-2) and see what God has promised you! He has established you in righteousness so you don't have to fear. Terror will not come near you! God is with you! He is at your right hand and you are immovable; He has redeemed you! GOD'S WORD PROMISES ALL THIS! So you, as His child , should live a life free from fear!

Satan cannot create, but only corrupt that which has already been created. Fear of illness is a corruption of Peter 2:24 which declares: **….by His** (Jesus) **wounds you have been healed.** Fear of poverty is a corruption of Phil. 4:19 which declares: **And my God will meet all your needs according to His glorious riches in Christ Jesus.** You can be sure that any fear that Satan puts into your mind, is a corruption of a promise of God to His children! The Word of the Lord exhorts us in Phil.4:6-7 saying: **Be anxious for nothing; but in everything by prayer and supplication with thanksgiving let your requests be made known unto God. And the peace of God, which passeth all understanding, shall keep your hearts and minds through Christ Jesus.** Make this scripture your goal this year!

I began this message with the Lord's declaration to His disciples in Luke 21:25-26 regarding the events that would take place on the Earth in the last days **so that men's hearts would fail them for fear,** but I want to conclude my message with the very next two verses of Luke 21, verses 27 and 28, in which Jesus exhorts us all by adding the following wonderful climax: **And then shall they see the Son of man coming in a cloud with power and great glory. And when these things begin to come to pass, then look up, and lift up your heads; for your redemption draweth nigh.**

So really Church, what do we have to fear? Jesus is coming with power and great glory so let Him find us filled with joy and expectancy, and full of faith! Amen. ☐